**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening No.: SR61/2004

In die spesiale hersiening tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>MOSES MNGOMEZULU & 2 ANDER</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **VAN COPPENHAGEN *et* WRIGHT, RR**

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** **WRIGHT, R**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **29 APRIL 2004**

---

Die drie beskuldigdes is skuldig bevind aan roof.

Na die betrokke skuldigbevinding is die saak vir spesiale hersiening na die Hooggeregshof gestuur en word die volgende vermeld in die begeleidende brief:

> "**Nademaal**, na oorweging van die oorkonde van die verrigtinge in die Landdroshof bestaan daar twyfel by die Hof of die verrigtinge ooreenkomstig die reg is omrede die oorkonde onvolledig is en die landdros wat voorgesit het in die betrokke saak die landdros amp verlaat het."

Dit blyk dan ook dat die oorkonde onvolledig is en omdat die betrokke

amptenaar die amp verlaat het, kan dit nie gerekonstrueer word ooreenkomstig die beslissing van **R v MOFOKENG 1946 OPD 62** nie. Myns insiens is hier dus 'n geval waar die verrigtinge tersyde gestel behoort te word. (Vergelyk **S v JOUBERT 1991 (1) SA 119 (A)**).

Bygevolg inaggenome die omstandighede word die volgende bevel gemaak:

1. Die skuldigbevindings word tersyde gestel en die saak vir verhoor *de novo* verwys voor 'n ander regsprekende amptenaar.

**G.F. WRIGHT, R**

**EK STEM SAAM**

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

/scd